



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Grade: 5

Learning Area: Afrikaans (EAT)

Table of Contents

<i>Topic: Begripsonderrig: 'n Ster</i>	2
<i>Topic: Taalstrukture en Konvensies (ASG bl. 163)</i>	6
<i>Topic: Gedig: Leef Groen (ASG Bl. 157)</i>	10
<i>Topic: Kortverhaal : Nie meer Televisie nie (ASG - bl. 163)</i>	14



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Learning Area: Afrikaans (EAT)

Topic: Begripsonderrig: 'n Ster

SILENT SITTING:

Begripsonderrig (Music in the background)

- Sit comfortably and breathe gently.
- Listen to the beautiful sounds of the flowing stream.
- It is autumn and the sunshine on the red-orange leaves of the trees on the banks of the stream is mesmerizing.
- A leaf gently falls into the water and is gently carried forward by the flowing stream.
- This beautiful scene calms your being.
- Your breathing is gentle, slowly open your eyes and enjoy the calmness throughout the day.

VALUE: Right Conduct

SUB VALUE: Gratitude / Perseverance / Respect

CONTENT:

A) AS PER CURRICULUM (*May use your required template as per National protocol or this part*)

Verwys na die Voorbereiding.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



B) INTEGRATION:

1. *Within Learning Areas*

Uitdagings word deur almal ervaar maar ons moet nooit tou opgooi nie. "Vasbyt" is die antwoord.

2. *Between Learning Areas:*

Lewensorientering

Die verskeie onderwerpe en die boodskappe wat hulle beklemtoon help 'n mens met jou innerlike sterkte sodat jy die hindernisse in die lewe sal hanteer.

3. *Into The Universe/ Cosmos/ Creation*

Die liefde van God hou die heelal saam. In dieselfde manier hou die ouer familieledede die gesin saam. Ons moet dit altyd onthou en respek vir hulle wys.

c) SELF REFLECTION:

Die kinders moet verstaan dat almal talent het. Hulle moet die hulp van ouers of ander mense waardeer en presteer om hulle beste te doen.

Hulle moet nie die hulp van ander mense veral die mense wat jou lief het, misbruik nie. As 'n mens kans kry om sukses te behaal dan moet hulle hard werk.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



LES 4: BEGRIPSONDERRIG (GRAAD 5)

LEES EN KYK: 'N STER (RIGHT CONDUCT–GRATITUDE / PERSEVERANCE / RESPECT)

AFRIKAANS SONDER GRENSE BL. 135

'n Ster, Fenias Timbe

Fenias Timbe, 'n graad 3-leerder van Kensington Ridge Primary School in Johannesburg, is 'n ster in die film, *Jock of the Bushveld*. Sy stem is een van Jock se boeties in die film.

Fenias het 'n kompetisie gewen. Hy was die wenner uit 3 000 inskrywings. Fenias se ma en pa is oorlede. Hy bly by sy ouma, Diketse Mpala. Sy ouma het van dié kompetisie by Fenias se drama-onderwyser gehoor.

Fenias het sy stem met die kort **draalboek** (*script*) op sy ouma se salfoon opgeneem en vir die kompetisie ingestuur.

Fenias is baie opgewonde oor sy rol in die fliek. Hy wil eendag 'n akteur word. Hy het al in verskeie TV-advertensies verskyn. Hy is ook 'n sportman en hou van karaté. Hy dra al 'n geel belt.

Fenias Timbe (W) se stem maak hom beroemd.

VRAE:

1. In watter rolprent is Fenias 'n ster?

2. Wat is Fenias se van?

3. Waar is Fenias se skool geleë?

4. Hoekom dink jy, bly die seun by sy ouma?

5. Wie is Diketse Mpala?



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



6. Hoe voel Fenias oor sy rol in die fliiek?

7. Wat wil hy eendag word?

8. Hy het nog nie opTV verskyn nie

Haal 'n sin aan wat wys dat die bostaande stelling ONWAAR is.

9. Aan watter sport neem hy deel?

10. Kies die korrekte antwoord.

SY STEM WORD VIR JOCK

- a. gebruik.
- b. se vriend gebruik.
- c. se ouma gebruik.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Grade: 5

Learning Area: Afrikaans (EAT)

Topic: Taalstrukture en Konvensies (ASG bl. 163)

SILENT SITTING:

Taalstrukture en Konvensies (Music in the Background)

- Take a deep breath in and gently close your eyes.
- Imagine that you have a wooden bowl in your palms.
- This bowl is empty and should always be empty.
- The only thing that should fall into bowl are thoughts that creep into your mind.
- Softly and swiftly empty the bowl of the thoughts you put into the empty bowl.
- Continue breathing gently and slowly open your eyes.
- You will now be able to focus on your lesson without any distractions.

VALUE: Truth

SUB VALUE: Accuracy / Logic

CONTENT:

A) AS PER CURRICULUM (*May use your required template as per National protocol or this part*)

Verwys na Voorbereiding.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



B) INTEGRATION:

1. *Within Learning Areas*

As 'n mens nie die reëls volg om 'n masjien reg te stel nie, sal dit nie werk nie. Tyd sal gemors word. In dieselfde manier as ons nie genoeg woordeskat het nie, sal ons kommunikasie gehinder word.

2. *Between Learning Areas:*

Lewensorientering

Die lesse kan mense / leerders se self vertroue help bou. As gevolg hiervan sal hulle sonder vrees kan kommunikeer. Hoe meer woordeskat en uitdrukkings hulle leer, hoe beter sal hulle kommunikeer.


3. *Into The Universe/ Cosmos/ Creation*

Die riviere vloei glad as daar geen besoedeling of hindernisse is nie. As ons geskikte woorde gebruik en met respek optree, sal ons gelukkig deur die lewe reis.

c) SELF REFLECTION:

Leerders moet verstaan dat reëls van uiters belang is veral as ons orde in die wêreld wil hê. Dit is dieselfde met taal. As ons nie reëls in die Taal volg nie sal ons nie in staat wees om suksesvol te kommunikeer nie. Goeie kommunikasie is belangrik om vrede en harmonie te koester.

LES 2: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES (GRAAD 5)
TAAL: NIE MEER TELEVISIE NIE- TRUTH (ACCURACY / LOGIC)
AFRIKAANS SONDER GRENSE BL.163



1. VERSKAF EEN WOORD TUSSEN HAKIES.

1.1. Hulle sit (*elke dag*) voor die TV.

1.2. (*Elke aand*) doen hulle nie hulle werk nie.

2. KIES DIE KORREKTE WOORD TUSSEN HAKIES.

2.1. My (gesin / familie) bestaan uit my ma, pa, broers en susters.

2.2. Die afkorting vir televisie is (TV / TE)

3. SKRYF OOR IN DIE VERLEDE TYD.

3.1. Hulle sit voor die televisie.

3.2. Hulle sit en slaap voor die televisie.

4. VUL DIE ONTBREKENDE WOORD IN.

4.1. Mense eet, diere _____.

4.2. Mense het 'n maag, diere het 'n _____.

5. VERSKAF DIE MEERVOUD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.

5.1. Die (*probleem*) is groot. _____.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



5.2. Hulle het die (*plan*) beraam. _____ .

5.3. Die (*televisiestel*) is nuut. _____ .

6. VERSKAF DIE VERKLEINWOORD VAN DIE WOORD TUSSEN HAKIES.

6.1. Die (*kind*) voel moeg.

6.2. Die (*boek*) is op die tafel.

6.3. Hy speel die (*klavier*) elke dag.

6.4. Die vader het die (*speelding*) gekoop.

6.5. Hulle het 'n (*boomhuis*) gehou.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Grade: 5

Learning Area: Afrikaans (EAT)

Topic: Gedig: Leef Groen (ASG Bl. 157)

SILENT SITTING:

Gedig (music in the background)

- The children will stand up straight with both palms on the heart area.
- Breathe gently and close your eyes.
- Share your love by outward movement of your arms, spreading out as far back.
- This symbolizes the sharing of your love with all of God's creation.
- Then bring your arms forward taking all the love shared by all of Creation and allow that love to permeate your entire being.
- Repeat this 5 times then gently open your eyes and start your lesson with love.

VALUE: Love

SUB VALUE: Caring / Kindness / Consideration

CONTENT:

A) AS PER CURRICULUM *(May use your required template as per National protocol or this part)*

Verwys na Voorbereiding.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



B) INTEGRATION:

1. *Within Learning Areas*

As 'n mens selfsugtig is, kan jy nooit ware blydskap ervaar nie. Selfsugtigheid sal alles stadig vernietig. Ons moet vir die natuur sorg en dit nie vernietig nie.

2. *Between Learning Areas:*

Natuur wetenskap

Die belangrikheid van bome kan nie onderskat word nie. Die rampagtige gevolg van die vernietiging van bome moet uitgelig word.

3. *Into The Universe/ Cosmos/ Creation*

Die natuur het respek vir alle lewe. Bome is onselfsugtig. Dit gee skaduwee aan alle mense en diere. Ons moet ook respek vir alle lewe koester.

c) SELF REFLECTION:

Die leerders moet introspekteer en besluit of hulle aksies positief of negatief is. As ons die Aarde wil red en almal 'n kans gee om bly te wees dan moet ons besoedeling vermy. Leerders moet besluit hoe hulle kan herwin en hoe hulle dinge kan hergebruik.

LES 3: GEDIG (GRAAD 5)

LUISTER EN PRAAT: LEEF GROEN – LOVE (CARING / KINDNESS / CONSIDERATION)

AFRIKAANS SONDER GRENSE BL. 157

Leef groen

Ek sê: "Herwin!"

Dit is INI

Stap eerder as ry:

jy het mos VOETE gekry!

Vat 'n drasak, los die plastiek.

Al die ROMMEL maak my siek!

Plant 'n BOOM vandag,

dan sal môre se kinders lag.

Ek sê: "Herwin en hergebruik,

sodat jy MÔRE die blomme kan ruik."

Ek sê: "Hou die WÊRELD groen,

Dit is die REGTE ding om te doen."



VRAE:

1. Wat is volgens die gedig "in"?

2. Jy het mos "voete" gekry.
Watter advies word hier gegee?

3. Hoekom moet ons die plastiek "los"?

4. Om watter rede dink jy is dit belangrik om bome te kweek?

5. Die nuwe normaal is om (te herwin/om nie te herwin nie)

6. Is die gedig 'n sonnet? Gee 'n rede vir jou antwoord.

7. Die intensiewe vorm van groen is _____



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



8. Wat moet ons i.p.v plastiek gebruik?

9. Waarom dink jy, is hierdie gedig 'n vrye vers?

10. Die gedig het

- a. gebroke rym
- b. paarrym
- c. kruisrym



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Grade: 5

Learning Area: Afrikaans (EAT)

**Topic: Kortverhaal : Nie meer Televisie nie
(ASG – bl. 163)**

SILENT SITTING:

Kortverhaal (music in the background)

- Take a deep breath and gently close your eyes.
- Imagine that you are seated in a field of colourful daisies dancing in the gentle breeze. The amazing aroma fills your entire being and brings a sense of calm.
- Take a deep breath and slowly open your eyes.
- Continue enjoying this calmness as you go through your lesson.

VALUE: Peace

SUB VALUE: Discipline / Harmony

CONTENT:

A) AS PER CURRICULUM (*May use your required template as per National protocol or this part*)

Verwys na Voorbereiding.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



B) INTEGRATION:

1. *Within Learning Areas*

Met sterk bakstene kan 'n mens maklik 'n sterk huis bou en sonder hindernisse daar bly. As 'n mens genoeg woordeskat het, kan jy maklik sonder enige misverstand kommunikeer.

2. *Between Learning Areas:*

Engels

Die nadele en voordele van die televisie kan 'n mens se gedagtes en optredes sterk beïnvloed. As ons versigtig is waarna ons kyk, kan ons daaruit baat en definitief beter mense word.

3. *Into The Universe/ Cosmos/ Creation*

Die natuur kan vir ons baie lesse leer. Plante wat ons kweek en wat vars lug en sonskyn kry, groei sterker. As ons net buite gaan wandel i.v.p. om voor die televisie te sit, kan ons baie bv. oor die voëls en insekte leer. Ons sal ook fiks en waaksaam word.

c) SELF REFLECTION:

Leerders moet oor hulle televisietyd dink. As hulle te veel tyd voor die televisie deurbring, sal dit hulle fokus en konsentrasie affekteer. Ouers moet die leerders help om hulle dae goed te beplan sodat hulle nie hulle skoolwerk, sport en ander stokperdjies verwaarloos nie.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



WAARDE: TRUTH / LOVE / PEACE/ RIGHT CONDUCT

SUB: ACCURACY/ LOGIC/ CARING/ KINDNESS/ DISCIPLINE / HARMONY /

GRATITUDE/ RESPECT/ PERSEVERANCE.

STIL SIT

ASEM IN EN UIT

FOKUL PUNT

VAK:	AFRIKAANS	GRAAD:	
KWARTAAL:		TEMA:	
WEEK:		BRONNE:	
DATUUM:		2 WEEK SIKLUS	

WEKE	LUISTER EN PRAAT	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUK EN KONVENSIES
10 UUR	2 UUR	5 UUR	2 UUR	1 UUR
ASPEK	Gedig: Leef Groen	Kortverhaal: 163 Nie meer Televisie nie. ASG – Bl. 163		ASG – Bl. 163
AKTIWITEITE	Bespreking van die gedig. (Woordeskat/ en inhoud van die gedig. Bl. 157	Lees die storie en beantwoord die vrae.		Woordeskat <ul style="list-style-type: none">• Korrekte woorde.
		Begripsonderrig bl. 135 'n Ster. Bespreking van Leesstuk. Vrae sal skriftelik beantwoord word.		Taal <ul style="list-style-type: none">• Verlede tyd• Meervoud• verkleinwoorde
BRONNE	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.	Afrikaans sonder grense. Net die beste werkboek. Onderwysergids.
ASSESSERING	Formele Assessering	Formele Assessering	Formele Assessering	Formele Assessering

ONDERWYSER: _____ HOOF VAN DEPT: _____

Kortverhaal: Nie meer Televisie nie.

Nie meer televisie nie!

Die Dixon-gesin kyk altyd televisie. Die kinders kyk elke dag en elke aand te veel TV. Hulle sit voor die TV. Hulle lê voor die TV. Hulle eet voor die TV en hulle slaap voor die TV. Hulle doen alles voor die TV.



Die kinders doen nooit huiswerk nie. Hulle speel nie. Hulle help nie in die huus nie. Mnr. en mev. Dixon hou niks daarvan nie. Hulle bespreek die probleem. Mnr. Dixon dink aan 'n slim plan ...

Mnr. Dixon vat die televisiestel en steek dit vir die kinders weg. Die kinders is hartseer omdat die TV weg is. Nou kan hulle nie meer televisie kyk nie.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



Na 'n ruk begin die kinders ander dinge doen. Tim lees die een boek na die ander. Kate speel heeltdag klavier en Benny speel met sy speelgoed.

Al drie die kinders bou 'n boomhuis in die tuin. Dis eintlik alles groot pret. Hulle vergeet skoon van die TV.



Mnr. Dixon sien sy kinders het verander. Hy en mev. Dixon is baie bly. Hy bring die TV-stel terug. Nou stel die kinders nie meer belang nie! Tim lees nog sy boeke. Kate speel nog klavier. Benny speel nog met sy speelgoed. Al drie kinders speel heerlik in die boomhuis. Hulle vergeet om TV te kyk. Almal is gelukkig met al die dinge wat hulle doen. Net mnr. Dixon kyk na die huis op die TV. Hy is alleen.



LESSON PLAN TEMPLATE: INDIRECT METHOD



LES 1: LEES EN KYK (Graad 5)

KORTVERHAAL: NIE MEER TELEVISIE NIE- PEACE (Discipline/Harmony)

AFRIKAANS SONDER GRENSE BL. 163

1. Wat het die Dixon gesin altyd gedoen?

2. Waarvoor staan die afkorting TV?

3. Noem 2 aktiwiteite wat hulle voor die TV gedoen het?

1) _____

2) _____

4. Noem een belangrike ding wat die kinders nie doen nie?

5. "Hulle bespreek die probleem" beteken dat hulle die probleem

- a. ignoreer
- b. wil oplos
- c. groter maak

6. Wat het mnr. Dixon met die TV gedoen?

7. Hoe voel die kinders oor mnr. Dixon se aksie?

8. Noem een ander ding wat die kinders begin doen het?

9. Waarvan het hulle toe vergeet?

10. Sê hoekom dit nie goed is om heeldag na die TV te kyk nie.
